
# Transforma

*Fact sheet of UFS transformation process/*
*Feiteblad van die UV transformasieproses*


**September 2005, Volume 1, Issue 4**

***Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata***

# Have your say about the future UFS



*Dr Ezekiel Moraka,*
*Vise-rector: Student Affairs*



*Prof. Teuns Verschoor,*
*Vice-rector: Academic Operations*

"The consultation process has begun and we want to encourage staff, students and other stakeholders to make an input into a Transformation Plan for the University of the Free State."

This was the message from Dr Ezekiel Moraka, Vice-rector Student Affairs, and the co-chairperson of the Transformation Plan Team along with Prof. Teuns Verschoor.

According to Dr Moraka, the Transformation Plan Team is now ready to hear the views and suggestions of stakeholders about the key issues that must be tackled at the university to ensure that it is a truly South African university.

"These key issues together with ways of tackling them must come from staff, students and other interested parties. We will then put them into a Transformation Plan for the University of the Free State. The plan cannot be finalised without the inputs of the university community. This is not the task team's plan but the university's," said Dr Moraka.

The Transformation Plan Team was established earlier this year to focus on specific issues around transformation such as the language policy, institutional culture and values, equity and diversity (of staff and students), student affairs, governance and management, and academic transformation, among others.

**Special e-mail**

Dr Moraka says: "It will not be possible to consult with each person individually or with each and every academic department or support service of the UFS on all three campuses. We therefore invite staff and students to forward their inputs to the Transformation Plan Team co-ordinators, Prof. Teuns Verschoor, Vice-rector: Academic Operations, and myself, via a special e-mail address that we have set up." The special e-mail address is: transform@uovs.ac.za

"However, we will definitely communicate with the academic leadership, with the unions, student formations and other structures, Dr Morka said.

"Once a transformation plan has been drafted, it will be discussed and scrutinised by the university's governing structures. That includes the Council, the Senate, the Executive Management etc. After their approval the plan will be distributed to the university community and other stakeholders."

*Have your say... continues on p.2*

***Lig u mening oor die transformasieproses en stuur u kommentaar na die adres transform@uovs.ac.za of kontak ons by:***

| | |
|---|---|
| Leonie Bolleurs | 2707 |
| Anton Fisher | 2749 |
| Lacea Loader | 2584 |
| Karen Minnaar | 3422 |
| Leatitia Pienaar | 9188 |
| Hannes Pieterse | 3502 |
| Tumi Tabane | 2828 |

# Studente steek die grense oor

deur Leatitia Pienaar



*Besoek aan die Oorlogmuseum.*

"Ons doen ons studente 'n onreg aan deur hulle so apart op kampus te hou," het prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe, gesê met die vertrek van die eerste groep blanke en swart studente wat aan 'n kulturedag van die fakulteit deelgeneem het.

Twee busse gepak met studente het een Vrydagmiddag aan einde Augustus 2005 meer van mekaar se geskiedenis geleer op 'n kultuurdagtoer deur 'n geskiedkundige deel van Bloemfontein. Dit het afgeskop by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke en die Vrouemonument met 'n draai deur Pres. Brandstraat met sy historiese geboue en daarna deur die swart woonbuurte van Batho, Bochabela, Phahameng, Phelindaba en Kagisanong (Rocklands).



*Mapikela-huis waar ANC-stigterslede ontmoet het.*

Oomblikke wat seker op hulle geheue ingeplant sal bly, is onder meer die besoek aan die Oorlogsmuseum en Mapikela-huis waar die stigterslede van die ANC vroeë jare van die vorige eeu gereeld vergader het. 'n Mens het ook 'n glimpsie gekry van waar Waaihoek was en die oorspronklike huis gestaan het waarin die ANC gestig is.

Vir die meeste van die studente was hierdie ervaring 'n eerste. Hulle kon eerstehands 'n bietjie van die geskiedenis van die ander sien en hoor. Studente het ook hulle eie betekenis aan die dag gegee: Toe die een bus 'n paar keer halstarrig vassteek, was dit net die geleentheid vir die studente om by mekaar 'n paar danspassies en liede te leer!



*Toe die bus breek, was dit net die regte geleentheid om 'n paar danspassies aan te leer.*

Studente het gesê hulle het baie geleer, en hulle wil nog meer van mekaar weet.

Dr Ezekiel Moraka, Viserektor: Studentesake, het gesê dit is vir die Universiteit van die Vrystaat belangrik om studente af te rond vir die internasionale wêreld daar buite. Studente moet 'n houding van lewenslange leer aankweek omdat veranderinge in die wêreld ook deurlopend aan die gang is.

"Dit is belangrik dat hulle voortgaan om te leer om bydraes tot die uitbouing van Suid-Afrika te maak. Ek verwag ook dat hulle bydraes tot uitbouing van die UV sal maak. Bestuur kan dit nie alleen doen nie.

"Suid-Afrika is 'n land van swart mense en wit mense. Ons kan nie ware Suid-Afrikaners wees as ons nie begrip vir mekaar het nie. Kulturele interaksie is noodsaaklik."



*Studente van die Fakulteit Geesteswetenskappe op pad na die Oorlogsmuseum. Op die kultuurdag het hulle ook 'n draai gery deur die geskiedkundige President Brandstraat waarna hul die swart woonbuurte van Batho, Bochabela, Phahameng, Pelindaba en Kagisanong besoek het.*

Have your say... from p.1

***Participate in the transformation process and contact us with your view on these issues:***

| | |
|---|---|
| Leonie Bolleurs | 2707 |
| Anton Fisher | 2749 |
| Lacea Loader | 2584 |
| Karen Minnaar | 3422 |
| Leatitia Pienaar | 9188 |
| Hannes Pieterse | 3502 |
| Tumi Tabane | 2828 |

A special competition has been arranged for staff and students to encourage them to participate in the transformation of the UFS. Prizes to the value of respectively R500, R300 and R200 could be won. For more details see p.4 or visit http://www.uovs.ac.za/entry or for an Afrikaans version http://www.uovs.ac.za/inskryf

# Sê jou sê oor die UV van die toekoms



*Getting to know each other as individuals as well as each other's history and culture. From the left Mr Quintin Koetaan, History Department and coordinator of the cultural day, Ms Glenda Roberts, Researchers and Educational Officer, Ms Liezel Blommerus, Anthropology Department, Ms Sara Molsei, African Languages (Sesotho), and Mr Abrahm Mohapi Sekete, War Museum, Bloemfontein. Read more about the cultural day on p.2.*

"Die konsultasieproses het begin en ons wil personeel, studente en ander rolspelers aanmoedig om kommentaar te lewer oor die Transformasieplan van die Universiteit van die Vrystaat."

Dit is die boodskap van Dr. Ezekiel Moraka, Viserektor: Studentesake en die medevoorsitter van die Transformasieplanspan saam met prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf.

Volgens dr. Moraka is die Transformasieplanspan nou gereed om die menings en voorstelle van rolspelers aan te hoor oor sleutelkwessies wat aangedurf moet word om te verseker dat die universiteit 'n ware Suid-Afrikaanse universiteit is.

"Die sleutelkwessies asook maniere om dit aan te durf moet van personeel, studente en ander belangstellende partye kom. Dié sal ons dan in 'n Transformasieplan vir die Universiteit van die Vrystaat vervat. Die plan kan nie gefinaliseer word sonder die insette van die universiteitsgemeenskap nie. Die is nie die taakspan se plan nie, maar die universiteit s'n," sê dr. Moraka.

Die Transformasieplanspan was vroeër vanjaar gevestig om op spesifieke kwessies te fokus rondom transformasie, soos onder meer die taalbeleid, institusionele kultuur en waardes, gelykheid en diversiteit (van personeel en studente), studente sake, bestuur en akademiese transformasie.

**Spesiale e-pos**

Dr. Moraka sê: "Dit sal nie moontlik wees om met elke individu of elke akademiese departement of steundiens van die UV op al drie kampusse afsonderlik te konsulteer nie. Daarom nooi ons personeel en studente om hul insette aan te stuur na die Transformasieplanspan koördineerders nl. Prof. Verschoor en myself, via 'n spesiale e–posadres wat ons daargestel het." Die spesiale e–posadres is: transform@uovs.ac.za

"Ons sal wel definitief met die akademiese leiers, die vakbonde, studente formasies en ander strukture kommunikeer," sê dr. Moraka.

"Sodra 'n transformasieplan opgestel is, sal die universiteitsbestuur dit deeglik bespreek en bestudeer. Dit sluit in die Raad, die Senaat, die Uitvoerende Bestuur, ens. Na hul goedkeuring verkry is, sal die plan versprei word na die universiteitsgemeenskap en ander rolspelers."

## Kompetisie

'n Spesiale kompetisie is georganiseer vir personeel en studente om hul aan te moedig om aan die transformasieproses van die UV deel te neem. Pryse ter waarde van onderskeidelik R500, R300 en R200 kan gewen word. Meer besonderhede is beskikbaar op bl 4 en by http://www.uovs.ac.za/inskryf of vir 'n Engelse weergawe besoek http://www.uovs.ac.za/entry

# TRANSFORMATION COMPETITION/ KOMPETISIE OOR TRANSFORMASIE

***(Closing date: Friday 28 October 2005 @ 9am)/Sluitingsdatum: Vrydag 28 Oktober 2005 @ 9vm )***

Enter the lucky draw competition and stand a chance to win one of the following/
Skryf in vir die gelukkige prystrekking en staan ’n kans om een van die volgende te wen:

*1st Prize - R500 Kloppers gift voucher/geskenkbewys*
*2nd Prize - R300 Kloppers gift voucher/geskenkbewys*
*3rd Prize - R200 Kloppers gift voucher/geskenkbewys*

To enter, complete this form and place it in the competition boxes at the FGG helpdesk and the Information Centre at Thakaneng Bridge on the Main campus. At Qwaqwa campus entry forms can be left at Ms Teto Bereng: Room 2044 Administration building and at Vista campus, at the office of Ms Martie van der Merwe at Room D211 Administration building./ Om in te skryf, voltooi hierdie vorm en plaas dit in die kompetisiebokse by die FGG-inligtingstoonbank en die Inligtingsentrum op die Thakaneng-brug op die Hoofkampus. By die Qwaqwakampus kan inskrywingsvorms by me. Teto Bereng: Kamer 2044 in die Administrasiegebou gelaat word en op die Vistakampus kan inskrywingsvorms by me. Martie van der Merwe by Kamer D211 in die Administrasiegebou gelaat word.

**YOUR DETAILS / U BESONDERHEDE:**
Name/ Naam: ..........................................................................................................
Personnel/student number/ Personeel/studentenommer: .................................................

**TICK THE CORRECT ANSWERS WITH X / MERK DIE KORREKTE ANTWOORDE MET X:**

**1.** Name the two (2) coordinators of the Transformation Plan Team/
Noem die twee (2) koördineerders van die Transformasieplan Span.

Dr Ezekiel Moraka ☐ Prof Frederick Fourie ☐ Prof Teuns Verschoor ☐

**2.** The Vista campus was incorporated into the UFS in/
Wanneer het die inkorporering van die Vista-kampus by die UV plaasgevind?

2002 ☐ 2003 ☐ 2004 ☐

3. The Qwaqwa campus was incorporated into the UFS in/
Wanneer het die inkorporering van die Qwaqwa-kampus by die UV plaasgevind?

2002 ☐ 2003 ☐ 2004 ☐

4. Who is the sponsor of this competition/
Wie is die borg van hierdie kompetisie?
……………………..........................................………………..

5. What must change at the UFS and why?
Wat moet by die UV verander en hoekom?
……………………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………………

NB: In addition to entering this competition please send your detailed comments and inputs on transformation at the UFS to the UFS Transformation Task Team at the following e-mail: transform@uovs.ac.za. Skryf in vir die kompetisie en stuur ook u mening en insette oor transformasie by die UV aan die UV Transformasietaakspan by die volgende e-posadres: transform@uovs.ac.za.

The competition is open to registered students and staff of the UFS. The judges' decision is final. No correspondence will be entered into./ Slegs geregistreerde studente en personeel van die UV kan aan die kompetisie deelneem. Die beoordelaars se besluit is finaal. Geen korrespondensie sal gevoer word nie.

IN DEO SAPIENTIAE LUX

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
YUNIVESITHI YA FREISTATA

**Sponsored by Kloppers / Geborg deur Kloppers**